Skriflesing: 2 Tessalonisense 1:1-12

Teksverse: 2 Tessalonisense 1:11-12

Tema: Kyk vorentoe met hoop op die heerlikheid, want jou liefde en geloof getuig van God se werk in jou!

Ons het in die vorige twee preke gekyk wat dit beteken om terug (Psalm 77) en op (Numeri 21) te kyk en vandag staan ons stil by wat dit beteken om vorentoe te kyk - vorentoe in hierdie jaar in, maar ook in die jare wat nog kom.

Dalk moet ek eerder begin deur te vra: "Kyk jy nog vorentoe?"

Tussen die staatsrede van die president, die styging in misdaad, veral plaasaanvalle, en die styging in kospryse is dit ontsettend moeilik om werklik nog vorentoe te wil kyk. Ons probeer deesdae net van dag tot dag of dalk nog van maand tot maand klaar kom, maar vir die res van die jaar sien ons nie werklik kans nie. Iemand het in Januarie hierdie gesindheid mooi raakgevat: "Hoeveel maande het hierdie maand nog?"

Hierdie gesindheid is nie iets nuut nie. Ons is nie die eerste generasies wat deur hierdie worsteling gaan nie. Trouens, toe Paulus geleef het, was die gemiddelde toekomsverwagting van die gemiddelde Romeinse burger maar baie klein. Twee groepe het byvoorbeeld die slagspreuk gehad: "Kom ons eet en kom ons drink, want môre sterf ons!" Wanneer Paulus dan vir `n gemeente in die stad Tessalonika skryf, skryf hy juis om vir hulle te wys dat daar in werklikheid `n wonderlike toekoms is.

Tessalonika was `n groot, ryk en invloedryke stad met die belangrikste handeslroete in die Romeinse Ryk, die *Via Egnatia*, wat deur dit geloop het. Dit was `n hawestad met internasionale handelaars. Tog was die gemeente self nie baie ryk nie behalwe dalk vir `n paar vooraanstaande vroue. Hierdie gemeente het reeds begin vervolging beleef en was baie fyn dopgehou deur die stadsbestuur, juis omdat daar `n vorige keer gesê is dat hulle die wêreld in beroering bring en opstande veroorsaak (Handelinge 17:1-10).

Dit is dan vir hierdie mense wat Paulus skryf en amper sê: "Onthou, die toekoms waarvoor ons lewe en waarna ons vorentoe kyk is baie groter, wonderliker en ryker as enige toekoms wat op aarde is!" Hoor mooi hoe Paulus vir hierdie gemeente hulle toekoms beskryf in 2 Tessalonisense 1:12: "So sal die Naam van ons Here Jesus deur julle verheerlik word, en julle deur Hom, in ooreenstemming met die genade van ons God en van die Here Jesus Christus." Hulle, en ons wat nou in 2017 leef, gaan deur Jesus Christus verheerlik word!

Tog sê Paulus nie net vir hulle dat ons hierdie wonderlike toekoms het waarvoor ons doelgerig kan lewe nie. Hy sê ook vir hulle en ons dat daar twee bewyse is dat Jesus Christus dit sal doen. In 2 Tessalonisense 1:7 praat Paulus van Jesus Christus wat saam met sy engele in `n vuurvlam gaan kom. Kom ons noem hierdie twee bewyse die vonkies wat ons daaraan herinner dat die dag waarop Jesus in `n vuurvlam gaan kom, gaan aanbreek.

Hierdie eerste vonkie is ons liefde vir die goeie of soos die Afrikaans Direkte Vertaling sê, ons goeie begeertes. In Romeine 1 en 2 sê Paulus in werklikheid dat daar niks goed is in die mens wat nie in `n

verhouding met God deur Jesus Christus staan nie. Die mens is in sy wese boos en dink net wat sleg is. Dit is eers wanneer die Heilige Gees aan ons die wedergeboorte gee dat ons heeltemal nuut gemaak word in Jesus Christus. Daarom dat Paulus later in Efesiërs 2 sê dat God ons gemaak het wat ons nou is. "In Jesus Christus het Hy ons geskep om ons lewe te wy vir die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het." Wanneer ons dus `n liefde vir die goeie in ons het, wanneer ons daarna smag en verlang dat die regte dinge moet gebeur en dat daar met regverdigheid, billikheid en liefde teenoor mense opgetree word, skiet daar vonkies op wat ons moet herinner: onthou, net soos wat God hierdie deur die Heilige Gees in jou plant, net só seker kom Jesus Christus weer en gaan Hy verheerlik word en jy saam met Hom!

Die tweede vonkie is die werk van ons geloof of ons geloofsdade. Hier praat Paulus van alles wat ons in geloofsoortuiging doen. Daardie keer wat jy jou nek uit steek om op te staan vir iets wat jy weet teen die Here se wil ingaan; of daardie keer wat jy weet dat die Heilige Gees jou nou lei om te praat oor dit wat die Here vir jou doen; of daardie keer wat jy iemand help wat werklik arm is en in die nood is. Dit is dade wat jy in geloof doen. Dit is dan wat God met sy krag in jou werk om genade te bewys aan iemand wat genade nie ken nie. Juis dan skiet daar vonkies op wat ons moet herinner: onthou, net soos wat God hierdie deur die Heilige Gees in jou plant, net só seker kom Jesus Christus weer en gaan Hy verheerlik word en jy saam met Hom!

God gee dus vir ons `n doel vir ons vorentoe kyk: Jesus Christus gaan verheerlik word en ons deur of in Hom! Hoe wonderlik is dit nie om te weet nie? Dit is `n toekoms wat niemand van ons kan steel nie, wat geen president met `n staatsrede kan wegpraat nie, wat geen geld kan koop nie en wat nie deur die ekonomie bepaal word nie! Maar hoe lyk hierdie heerlikheid? Wat is dit en hoe moet ons dit verstaan?

Hoor hoe word hierdie heerlikheid beskryf in die volgende gedeeltes:

2 Tessalonisense 1:7-8: "...aan julle lyding, en ons s'n, sal Hy `n einde maak wanneer die Here Jesus met sy magtige engele in `n vuurvlam uit die hemel verskyn...die teenwoordigheid van die Here en van sy wonderbaarlike mag."

Openbaring 2:13-16: "Hy het `n lang kleed aangehad en `n goue band om sy bors gedra. Die hare op sy kop was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë het soos vuur gevlam. Sy voete was soos geelkoper wat in `n smeltoond gloei, en sy stem soos die gedruis van `n groot watermassa. In sy regterhand het Hy sewe sterre gehad, en `n skerp swaard met twee snykante het uit sy mond uit gekom. Sy hele voorkoms was soos die son wat op sy helderste skyn."

Openbaring 21:22-24: "`n Tempel het ek nie in die stad gesien nie, want sy tempel is die Here God, die Almagtige en die Lam. Die stad het nie die son en die maan nodig om hom te verlig nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp. Die nasies sal in die stad se lig lewe, en die Konings van die aarde verleen luister daaraan."

Dit is waarin ek en jy gaan deel! Dit is wat ons hemelse Vader vir ons in Jesus Christus gee en belowe het en waaraan ons herinner word elke keer as `n vonkie van ons liefde vir die goeie en `n vonkie van ons geloofsdade opflikker.

Daar is dan ook drie maniere hoe ons in hierdie heerlikheid gaan deel. Die eerste manier is deur die feit dat Jesus Christus ons sy broers noem. Ons kan dit ook anders stel: ons gaan deur Jesus Christus verheerlik word, omdat Hy met Sy menslike natuur op die troon sit en regeer! Ja, Jesus Christus se liggaam is mos opgewek en met Sy liggaam het Hy opgevaar en Stephanus het Jesus Christus aan die regterhand van God sien sit. Jesus Christus sit as volle God met sy menslike, verheerlikte liggaam aan die regterhand van God en tree vir ons in! Watter onbeskryflike troos is dit nie vir ons nie - ook ons liggame gaan verheerlik word en, een met ons siele, voor God se troon staan en in volle harmonie met Hom lewe.

Die tweede manier waarop ons in hierdie heerlikheid deel, is deurdat Jesus Christus se sin vir dit wat reg is vir ons aangetrek gaan word. Sy geregtigheid gaan vir ons aangetrek word. Verby gaan die dae wees wat ons wonder oor presies wat God se wil en opdragte in sekere situasies is. Verby gaan die dae wees wat ons sukkel om te onderskei tussen dit wat goed en sleg, reg en verkeerd, is. Verby gaan die dae wees wat sonde enige invloed op ons het en dat siekte, pyn en hartseer oor ons kom. Slegs dit wat reg en goed en mooi is - `n volle, perfekte, herstelde verhouding met God - gaan vir ons soos klere aangetrek word!

En laastens deel ons in Jesus Christus se heerlikheid deurdat ons saam met Hom oor die nuwe hemel en die nuwe aarde gaan regeer. Daar waar daar nie meer stukkendheid en sonde is nie, daar waar daar nie meer oorheersing, onderdrukking, uitbuiting of jaloesie is nie. Dáár gaan ons só regeer dat alles net meer en meer die lof, die heerlikheid en die eer van God besing.

Dit is die heerlikheid wat Jesus Christus het en wat aan Hom gebring gaan word wanneer ons ons liefde vir die goeie en ons werke van geloof leef. Dit is juis deur ons liefde vir die goeie en die werke van ons geloof wat hierdie vonkies opflikker wat ons herinner dat daar vir ons `n wonderlike toekoms wag. Kyk daarom vorentoe met hoop op die heerlikheid, want jou liefde en geloof getuig van God se werk in jou!

Amen